

**Vrydag 7 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 6:1-11**

**Fokusgedeelte: Spreuke 6:1-11 (1933/53-vertaling)**

**Kyk na die miere – hulle is fluks**

**S**preuke hanteer doelbewus bepaalde terreine van ons lewe waar jou besluite en gedrag deurslaggewende gevolge kan hê. Die wysheid in hoofstuk 6 beklemtoon finansiële omsigtigheid en 'n bepaalde werksetiek met ook morele voorskrifte wat nodig is om met jou gemeenskap om te gaan. Dit is egter nie losstaande sake nie. Elk van die sake in ons gelese gedeelte hak ook weer die een by die ander in. As daar nie versigtig genoeg met borgskap omgegaan word nie, sal dit finansiële implikasies het. So een moet sy oë nie slaap gun nie.

Tog bou Salomo in hierdie besondere wysheid voort, want waar verkeerde borgskap besondere implikasies kan hê wat harde werk insluit, moet ons harde werk 'n bepaalde werksetiek in ons lewe teweegbring. As daar nie hard gewerk word nie, is armoede die rondloper wat jou gaan vang. Armoede is swaar om in die gemeenskap mee om te gaan.

Die luiaard moet egter nie eerste sy oë op die gemeenskap rig nie, maar moet ondertoe kyk, grond toe, waar die miere aan die werk is. Spreuke laat ons twee maal na die miere kyk. In hoofstuk 30:25 is die miere 'n "volk", maar hulle is nie sterk nie. Hulle krag lê in hulle beplanning. Hulle berei hulle voedsel in die somer terwyl die kos daar is en die tyd reg is. Dit gaan nie net om die wysheid in hulle fyn beplanning nie, maar die miere se wysheid begin met die regte daad op die regte tyd. Dit is die wysheid waarna ons vandag in God se koninkryk moet soek en uitleef.

Wees fluks in die tyd wat reg is. Doen die regte daad op die regte tyd. In Christus verwag God dit van ons. Wanneer ons ondertoe na die miere kan kyk, kyk ook fluks boontoe na Hom wat die regte daad op die regte tyd by die regte dag sal uitbring.

*Sing: Psalm 90-1:9*

*Dr. PJ Venter (Petrus) (Postmasburg)*